

BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR DEUR DR PHILIP THEUNISSEN

DIE FINANSIËLE BESTUURDER

In 'n groot besigheid is die finansiële bestuurder se pos die tweede belangrikste naas die hoof uitvoerende beampte. Die rede hiervoor is dat finansies die enigste maatstaf is waarvolgens 'n besigheid se sukses of mislukking mee gemeet kan word. Die finansiële bestuurder voorsien dus die instrumente waarvolgens meeste van die besigheidsbesluite geneem word, hy bestuur die besigheid se kontantvloei en hy meet die besigheid se vordering teen beskikbare normes en standaarde.

Finansiële bestuurders is kundige mense en weer eens, naas die hoof uitvoerende beampte, die hoogs besoldigste werknemer van meeste besighede. Dit gebeur ook baie dikwels dat hy laasgenoemde opvolg wanneer dié vervang moet word.

Daar is min boerderye in Suid-Afrika, selfs in die wêreld, wat die dienste van 'n finansiële bestuurder kan bekostig. Dit beteken egter nie dat 'n boer sonder hierdie kundigheid moet klaarkom nie. Hierdie kundigheid is op die boer se drimpel beskikbaar as boere eerstens hulle houding teenoor die mense kan verander, tweedens die inligting wat hierdie mense beskikbaar het na waarde ag en derdens bereid is om 'n redelike bedrag vir sulke inligting te betaal.

Belangrike pligte

Daar is sekere finansiële take wat enige besigheid moet doen, ongeag die groter daarvan en ongeag of daar 'n voltydse finansiële bestuurder in die besigheid se diens is. Hierdie take behels die volgende:

- Byhou van finansiële rekords;
- Belastingadministrasie;
- Opstel van finansiële state;
- Administrasie van lone en salarisse;
- Voorleggings vir die verkryging van finansiering;
- Opstel van begrotings;
- Kontantvloei bestuur;

Die meeste boere beskou die eerste drie pligte as onvermydelik en gee so voor die afsluiting van die BTW-periode 'n klomp papiere by die ouditeur/rekenmeester af sodat hierdie funksies afgehandel kan word. Die meeste boere se arbeiders en plaasbestuurders verdien minder as die belasbare drempel so dit word maklik self afgehandel deur 'n klomp kontant in 'n koevertjie vir elke werker te plaas. Die laaste drie pligte, wat eintlik by verre die mees belangrikste take van enige finansiële bestuurder is, word liewers vermy omdat dit te veel inspanning verg en omdat die ouditeur/rekenmeester dalk geld daarvoor gaan vra. Die gevolg is dat boere se rekenmeesters dit wat hulle juis moet doen, gladnie doen nie.

Nut van finansiële bestuur

Uit 'n finansiële oogpunt is dit nie vir 'n boer moontlik om 'n voltydse finansiële bestuurder aan te stel nie. Dit is egter baie maklik om van 'n gekwalifiseerde rekenmeester of ouditeur gebruik te maak wat

hierdie funksie op 'n deelydse basis kan vervul. Sulke persone is opgelei om die volle finansiële bestuur en nie net belastingopgawes nie, van 'n besigheid te kan doen. Soos reeds genoem, is boere baie huiwerig om sulke produkte te implimenteer en nog meer huiwerig om die rekenmeesters of ouditeure daarvoor te betaal.

Gekwalifiseerde rekenmeesters en ouditeure wat aan 'n professionele liggaam behoort is redelik beskikbaar op die platteland en dus binne die meeste boere se bereik. 'n Boer kan dus die pos van finansiële bestuurder aan so 'n persoon of firma uitkontraakteer. Op die manier kan hy 'n hoë vlak van kundigheid vir sy besigheid bekom sonder dat daar 'n hoë impak of sy salarisuitgawe is. So 'n aanstelling kan ook op 'n jaarbasis geskied wat te enige tyd beëindig kan word as die boer nie met die diens tevrede is nie.

'n Uitgekontraakteerde finansiële bestuursdiens hou verskeie voordele vir die boer in:

- Die gekwalifiseerde rekenmeester/ouditeur kan die boer se finansiële state ontleed en die boer by 'n finansier uitbring wat die finansieringsvereistes van die boerdery die beste sal pas.
- Sonder 'n begroting is dit feitlik onmoontlik om enige besigheid suksesvol te bestuur. Die gekwalifiseerde rekenmeester/ouditeur kan 'n begroting opstel wat aan die boer toon wat die kontantvloei se patroon vir die volgende twaalf maande gaan wees.
- Die gekwalifiseerde rekenmeester/ouditeur kan die boer help om sy kontantvloei te bestuur deur uitgawes te prioritiseer en maatreëls te implimenteer om toe te sien dat alle inkomste tydig ontvang word.

Kwalifikasies

Gekwalifiseerde rekenmeesters en ouditeurs behoort aan hulle onderskeie professionele liggame. Hierdie liggame is voorskriftelik ten opsigte van hulle lede se kwalifikasies, praktiese ondervinding en volgehoue opleiding. So kan die boer byvoorbeeld daarvan verseker wees dat wanneer hy van so persoon se dienste gebruik maak, hy ten minste rekeningkundig- en belastinggewys behoorlik opgelei is. Verder vereis hierdie liggame dat hulle lede ten minste drie jaar praktiese ondervinding as rekenmeesters of ouditeure onder toesighouding voltooi het. 'n Bykomende vereiste is ook dat lede 'n sekere aantal ure se verdere opleiding in 'n drie jaar siklus moet ondergaan. Hierdie ure kan opgemaak word uit verdere formele studie of die bywoon van seminare.

Slotsom

Die boer is binne bereik van die dienste van 'n gekwalifiseerde rekenmeester of ouditeur wat die rol van 'n finansiële bestuurder binne sy boerdery kan vervul. Hierdie persone is ten volle opgelei vir die taak en word gedwing om voortdurend verder opgelei te word. Boere staan hulle gewoonlik blind teen die R10,000 of R20,000 wat die persoon se dienste jaarliks kos en kyk die waarde wat hulle tot die boerdery kan toevoeg heeltemal mis. 'n Finansiële bestuurder is vir enige groot besigheid 'n onmisbare pos. Dit behoort dieselfde vir klein en medium besighede te wees, selfs al gebruik hulle 'n finansiële bestuurder net op 'n deelydse basis.